basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## FEBRUARIE/MAART 2017

## MEMORANDUM

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 34 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## NASIENROOSTER

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** | 1 | 20 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 10 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)** | 5 | 20 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **20** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **C: WKM** | 6 | 10 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 5 | | |
| | 9 | 5 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **D: JAZZ** | 11 | 10 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | 14 | 5 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **E: IAM** | 16 | 10 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 5 | | |
| | 19 | 5 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel verskaf is.

**VRAAG 1 (25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Schubert**



1.1 Benoem die hooftoonsoort van die stuk.

**Antwoord:**
D mineur

| |
|---|
| *D mineur = 1 punt* |

(1)

1.2 Benoem die intervalle by **1.2.1** en **1.2.2** volgens tipe en afstand.

**Antwoord:**
1.2.1 Saamgestelde majeur 3d$^{e}$/Majeur 10$^{de}$

1.2.2 Mineur 6$^{de}$

| | |
|---|---|
| *Saamgestelde majeur 3d$^{e}$/Majeur 10$^{de}$* | *= 1 punt* |
| *Mineur 6$^{de}$* | |
| *(Geen ½ punte)* | *= 1 punt* |

(2)

1.3 Skryf en benoem die omkering van die interval by **1.3**.

**Antwoord:**



Mineur 7$^{de}$

| | |
|---|---|
| *Notasie* | *= ½ punt* |
| *Mineur 7$^{de}$* | *= ½ punt* |

(1)

1.4 Benoem die drieklanke by **1.4.1** en **1.4.2** volgens tipe en posisie/omkering.

**Antwoord:**
1.4.1 Mineur – tweede omkering

1.4.2 Majeur – grondposisie

| | |
|---|---|
| *Mineur* | *= ½ punt* |
| *Tweede omkering* | *= ½ punt* |
| *Majeur* | *= ½ punt* |
| *Grondposisie* | *= ½ punt* |

(2)

1.5 Herskryf maat 1 van die vioolparty vir altviool deur dieselfde toonhoogte te gebruik.

**Antwoord:**

½ ½




| | |
|---|---|
| *Sleutel* | *= 1 punt* |
| *Notasie* | *= 2 x ½ punt soos aangedui* |

(2)

1.6 Transponeer die basparty vanaf maat 7–10 'n volmaakte vierde hoër.
Moet NIE 'n toonsoortteken gebruik NIE.

**Antwoord:**

½ ½ ½ ½



| | |
|---|---|
| *Notasie* | *= ½ punt per maat = 2 punte* |

(2)

1.7 Herskryf maat 1 van die regterhandparty van die klavier in saamgestelde tydmaat/maatslag. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**

½ ½



| | |
|---|---|
| *Tydmaatteken* | *= 1 punt* |
| *Notasie* | *= 2 x ½ punt soos aangedui* |

(2)

1.8 Skryf die toonlere hieronder soos aangedui. Gebruik heelnote.

1.8.1 Skryf F# melodiese mineur stygend en dalend met toonsoortteken. Dui die halftone aan.

**Antwoord:**




| |
|---|
| *Algemene nasien = 3 punte* |
| *Minus ½ punt per fout* |

(3)

1.8.2 Skryf die Eoliese modus op E dalend in die altsleutel.
Moet NIE 'n toonsoortteken gebruik NIE.

**Antwoord:**




| | |
|---|---|
| *Sleutel* | *= 1 punt* |
| *Notasie* | *= 1 punt* |
| *(Minus ½ punt per fout tot en met 'n maksimum van 1 punt)* | |

(2)

1.8.3 Skryf 'n chromatiese toonleer op $B^b$, slegs stygend.

**Antwoord:**



**OF**



| |
|---|
| *Algemene nasien = 3 punte*<br>*Minus ½ punt per fout* |

(3)
**[20]**


**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Konsepantwoord:**
Instrument: Viool/Klarinet

*Andante*




**OF**

2.2 **Konsepantwoord:**
Instrument: Tjello/Tromboon/Fagot/Kontrabas/Baskitaar
*Andante*



Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

<table>
<tr><th>BESKRYWING</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Vorm en kadenspunte</td><td colspan="2">1 punt per frase x 3</td><td>3</td></tr>
<tr><td>Korrektheid<br>Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, uitleg</td><td colspan="2">Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte</td><td>2</td></tr>
<tr><td rowspan="4">Kwaliteit<br>• Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir die gekose instrument<br>• Toepaslikheid van tempo, artikulasie en dinamiese aanduidings<br>• Musikaliteit</td><td>9–10</td><td>Uitstekend<br>Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme</td><td rowspan="4">10</td></tr>
<tr><td>7–8</td><td>Goed<br>Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat</td></tr>
<tr><td>4–6</td><td>Gemiddeld<br>Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik nie; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos</td></tr>
<tr><td>0–3</td><td>Onaanvaarbaar<br>Geen musikale singewing; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sentrum; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2">Nasieners mag ½ punte gebruik</td><td>15</td></tr>
</table>

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel deur Mendelssohn hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Antwoord:**




3.1.1 Benoem die toonsoort van hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
G majeur

| *G majeur = 1 punt* |
|---|

(1)

3.1.2 Identifiseer akkoord **(a)**–**(e)** en besyfer hulle op die partituur. Gebruik ÓF standaardbesyfering onder die partituur, byvoorbeeld $V^6$, ÓF akkoordsimbole bo die partituur, byvoorbeeld C/E.

**Antwoord:**
Kyk partituur

| *1 punt per akkoord = 5 punte*<br>*(Minus ½ punt vir elke fout)*<br>*(Aanduiding van toonsoort nie verpligtend nie)*<br>*Nasieners moet die akkoordsimbole bo of onder die notebalk merk, nie 'n kombinasie van albei nie* |
|---|

(5)

3.1.3 Benoem die tipes nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

**Antwoord:**
(i) Deurgangsnoot
(ii) (Bo) Hulpnoot/Wisselnoot

| | |
|---|---|
| *(i) Deurgangsnoot* | *= 1 punt* |
| *(ii) (Bo) Hulpnoot/Wisselnoot* | *= 1 punt* |

(2)

3.1.4 Watter EEN van die volgende assosieer jy met die noot by Z? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vooruitneming | Terughouding | Appoggiatura | Akkoordnoot |

**Antwoord:**

| | |
|---|---|
| *Vooruitneming* | *= 1 punt* |

(1)

3.1.5 Benoem die kadens waarmee hierdie uittreksel eindig.

**Antwoord:**
Onvolmaakte kadens

| |
|---|
| *Onvolmaakte kadens = 1 punt*<br>*(Geen punt as slegs akkoorde gegee word nie)* |

(1)
**[10]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel uit *Till deur* Charles Danvers hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Antwoord:**




**3.2.4**
Onvolmaakte/Onvoltooide kadens

3.2.1 Benoem die toonsoort van hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
F majeur

| *F majeur = 1 punt* |
|---|

(1)

3.2.2 Identifiseer die akkoorde van **(a)** tot **(e)** en besyfer hulle op die partituur. Gebruik akkoordsimbole bo die partituur, byvoorbeeld $B^b$/D.

**Antwoord:**
Kyk partituur

| *1 punt per akkoord = 5 punte*<br>*(Minus ½ punt vir elke fout)*<br>*Romeinse syfers sal nie aanvaar word nie* |
|---|

(5)

3.2.3 Benoem die tipes nie-akkoordnote by **(i)–(iii)**.

**Antwoord:**
(i) (Chromaties onder) Hulpnoot/Wisselnoot
(ii) Terughouding
(iii) Vooruitneming

| | |
|---|---|
| *(i) (Chromaties onder) Hulpnoot/Wisselnoot* | *= 1 punt* |
| *(ii) Terughouding* | *= 1 punt* |
| *(iii) Vooruitneming* | *= 1 punt* |
| *(Geen ½ punte)* | |

(3)

3.2.4 Benoem die kadens waarmee hierdie uittreksel eindig.

**Antwoord:**
Onvolmaakte/Onvoltooide kadens

| *Onvolmaakte/Onvoltooide kadens* | *= 1 punt* |
|---|---|


(1)
**[10]**

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.

**Konsepantwoord:**




Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| **BESKRYWING** | **PUNTETOEKENNING** | | **KANDIDAAT SE PUNTE** |
|---|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadense | *1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5)* | 14 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout, maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | 16 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoorde, stylbewustheid, kreatiwiteit | • *Uitstekend = 9–10 punte*<br>• *Goed = 7–8 punte*<br>• *Gemiddeld = 5–6 punte*<br>• *Swak = 3–4 punte*<br>• *Onaanvaarbaar = 0–2 punte* | 10 | |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 40 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **40**<br>**(÷ 8 x 3)** | |
| **TOTAAL** | | **15** | |

*Kandidate moet krediet kry vir 'n alternatiewe en korrekte harmonisering wat nie in hierdie memorandum verskyn nie. Besyfering dien as 'n riglyn vir die nasiener maar geen punte word vir die simbole as sodanig, toegeken nie.*

**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur 'n geskikte baslyn en harmoniese materiaal by die onvoltooide mate in te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1–4 voorgestel word.

**Konsepantwoord:**




(15 punte vir korrektheid)
(15 marks for progression)

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadense | *1 punt tussen elke paar akkoorde* | 15 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasieëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | 15 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, non-akkoorde, stylbewustheid, kreatiwiteit | • *Uitstekend = 9–10 punte*<br>• *Goed = 7–8 punte*<br>• *Gemiddeld = 5–6 punte*<br>• *Swak = 3–4 punte*<br>• *Onaanvaarbaar = 0–2 punte* | 10 | |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 40 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **40**<br>**(÷ 8 x 3)** | |
| **TOTAAL** | | **15** | |

*Kandidate moet krediet kry vir 'n alternatief en korrekte harmonisering wat nie in hierdie memorandum verskyn nie. Besyfering dien as 'n riglyn vir die nasiener maar geen punte word vir die simbole as sodanig, toegeken nie.*

**TOTAAL ADELING A: 60**

## AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)

**Beantwoord AFDELING B**
**EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)**
**OF AFDELING D (Jazz)**
**OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Beantwoord hierdie vrae in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

*Nota aan die nasiener: Een punt moet vir elke korrekte feit toegeken word. Kandidate moet krediet kry vir enige korrekte antwoord wat nie in dié memorandum verskyn nie.*

## AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

### VRAAG 5

5.1
5.1.1 B
5.1.2 D
5.1.3 B
5.1.4 C
5.1.5 A
5.1.6 C
5.1.7 D
5.1.8 B
5.1.9 C
5.1.10 A

*1 punt vir elke korrekte antwoord = 10 punte* (10)

5.2
5.2.1 Monofonie
5.2.2 Homofonie
5.2.3 Polifonie
5.2.4 Ostinato
5.2.5 Modusse
5.2.6 Toonkkleur/Timbre
5.2.7 A Cappella
5.2.8 Mediant

*Enige 5 korrekte antwoorde = 5 punte* (5)

*Indien 'n kandidaat meer as 5 antwoorde verskaf, moet SLEGS DIE EERSTE 5 antwoorde nagesien word.*

5.3
- Verdeel in twee seksies/AB
- Seksie A begin gewoonlik in die tonikatoonsoort
- Moduleer na die dominant (of na die verwante majeur indien die tonika 'n mineurtoonsoort was)
- Seksie B begin in die nuwe toonsoort en moduleer terug na die tonika
- Beide seksies het maatherhalingstekens
- Beide seksies se musiekmateriaal het ooreenkomste
- Frases is gewoonlik simmetries (reëlmatig)

*Enige 5 korrekte feite = 5 punte* (5)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**Beantwoord AFDELING C (WKM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF ADELING E (IAM).**

## AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

## VRAAG 6

*Nota aan die nasiener: Een punt sal toegeken word vir elke korrekte feit. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie memorandum verskyn nie.*

6.1
6.1.1 Pamina/Papagena
6.1.2 Tamino
6.1.3 Monostatos/Papageno
6.1.4 Sarastro
6.1.5 Koningin van die Nag

*Elke korrekte antwoord = 1 punt* (5)

6.2
- 'n Duitse teks word deurgaans gebruik
- Sluit gesproke dialoog in
- Arias is dikwels slegs strofies of volksagtig (Papageno se lied)
- Die intrige bevat
  - Komiese elemente (Papageno)
  - Romantiese elemente (Tamino en Pamina)
  - Feëverhaal of fantasie-elemente (Bevryding van 'n prinses)
  - Magiese en fantasie-elemente (Towerfluit/Towerklokke)
  - Karakters beeld goed en kwaad uit (Sarastro/Koningin van die Nag)

*Enige 5 korrekte feite = 5 punte* (5)
**[10]**

## VRAAG 7

7.1 Ontwikkeling (1)

*Korrekte antwoord = 1 punt*

7.2 Om die modulasie tussen die eerste tema en die tweede tema te bewerkstellig.
(Majeurtonika na dominant/Mineurtonika na verwante majeur)

*Korrekte antwoord = 1 punt* (1)

7.3
- Die musiek moduleer na verskeie toonsoorte
- Musiekmateriaal van die uiteensetting word gevarieer deur verskillende komposisiemiddele te gebruik
- Nuwe materiaal kan bygevoeg word

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

7.4
- Beide temas van die rekapitulasie/heruiteensetting is in die tonikatoonsoort
- Uiteensetting eindig met 'n kodetta in die dominanttoonsoort en die rekapitulasie/heruiteensetting met Koda in die tonikatoonsoort

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)
**[5]**

## VRAAG 8

**Titel verskaf deur Beethoven om die programinhoud te beskryf**
*Hirtengesang. Frohe, dankbare Gefühle nach dem Sturm*, **of**
*Shepherds' song. Feelings of joy and gratitude after the Storm,* ***of***
*Herderslied, Vrolike en dankbare gevoelens na die Storm*

| *Enige antwoord = 1 punt* |
|---|

**Programinhoud soos deur die musiek gerealiseer:**

- uitbeelding van kalmte, 'n algemene gevoel van verligting na die storm
- bring ons terug na die pastorale aard van die eerste beweging
- pastorale stemming word geskep deur die 'jodel'-motief/'n herdersfluit word op die klarinet gehoor wat geantwoord word deur 'n ander (horing) en dan gevolg deur nog 'n roep (viool)
- begin met 'n kalm, liriese tema en gevolg deur meer lewendige seksies

**Tempo**: Allegretto – beklemtoon pastorale assosiasie
**Toonsoort:** F majeur –tonikatoonsoort van die werk help om die terugkeer na die pastorale stemming te bevestig
**Harmonie:** Eenvoudige harmonie/tonale stabiliteit om 'n ontspanne, gemaklike atmosfeer daar te stel
**Tydmaatteken**: 6/8 –sangerige, ontspanne stemming

| *Enige 4 korrekte feite = 4 punte* |
|---|

**[5]**

## VRAAG 9

Definisie: orkestrale werk gewoonlik in 4 bewegings.

| | |
|---|---|
| *Orkestrale werk* | *= ½ punt* |
| *Vier bewegings* | *= ½ punt* |

Verduidelik verskille:

| **Klassieke simfonie** | **Beethoven:** ***Pastorale Simfonie*** |
|---|---|
| Vier bewegings | Vyf bewegings |
| Standaard Klassieke orkes | Standaard klassieke orkes met addisionele piccolo en tromboon |
| Modulasie na verwante toonsoorte | Modulasie na verwante toonsoorte en ander verwante toonsoorte |
| Absolute musiek | Programmaties |
| Geen titels | Titels vir elke beweging |
| Klassieke vorms: bv. sonatevorm, sonate-rondovorm | Vierde beweging is episodies/vry vorm |
| Omvang van toonkleur meer beperk | Omvang van toonkleur meer uitgebrei |
| Koda word nie ontwikkel | Koda word ontwikkel<br>Amper 'n nuwe ontwikkeling |
| Vierde beweging meesal in rondo of sonate of sonate rondovorm in die tonikatoonsoort met 'n vinnige tempo | Vierde beweging is episodies/vry vorm<br>Vyfde beweging korrespondeer meer met die finale beweging van die standaard klassieke struktuur met 'n matige vinnige tempo |

| | |
|---|---|
| *Enige 4 korrekte gekorreleerde feite* | *= 4 punte* |
| *(bv. Vier bewegings teenoor Vyf bewegings)* | *= 1 punt* |

**[5]**

**VRAAG 10**

**Klassieke kenmerke**
Vorm en struktuur:
- Gebruik sonatevorm

Toonkleur/Instrumentasie:
- Standaard klassieke orkes

Melodiese materiaal:
- Motiwiese ontwikkeling
- Duidelik gedefinieerde melodieë

Harmonie:
- Modulasies na verwante toonsoorte
- Sterk beïnvloed deur Mozart en Beethoven
- Gebruik tonale/klassieke harmonie

Tekstuur:
- Hoofsaaklik homofonies met geringe gebruik van polifoniese tekstuur

| *Enige 6 korrekte feite = 6 punte* |
|---|

**Romantiese kenmerke**
Vorm en Struktuur:
- Gebruik Sonatevorm maar vryer en gevarieerd, bv. Ongewone lang kodetta na die tweede tema in die uiteensetting

Programmaties:
- Gebruik beskrywende titel en subtitel
- Romantisisme gee nuwe fokus op die natuur
- Stel 'n algehele seelandskap, die grootheid van die grot, die golwing van die see, die lig op die water, die drif van die golwe wat op die rotse breek
- Een van die eerste Romantiese komposisies wat die natuur op hierdie wyse voorstel

Nuwe genre:
- Konsertouverture (voorloper van die toondig)

Dinamiek:
- Baie wye omvang van pp tot ff
- Tempo en Ritme:
- Uitgebreide gebruik van rubato

Melodie:
- Liriese melodieë met 'n individuele melodiese styl (veral in die tweede tema)

Harmonie:
- Gebruik soms chromatiese harmonie

| *Enige 6 korrekte feite = 6 punte* |
|---|

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Klassieke kenmerke** | *1 punt vir elke korrekte feit* | | 6 |
| **Romantiese kenmerke** | *1 punt vir elke korrekte feit* | | 6 |
| **Logiese aanbieding en struktuur l** | ***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed*** *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 2 punte* | |
| | ***Redelik*** *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld*** *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak*** *'n Enkele paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar nie*** *Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | 15 |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1
- Kontrapuntale melodieë en ineenvloeing van verskillende melodiese lyne
- Melodiese ontwikkeling d.m.v. improvisasie
- Solo penniefluitjie (of saxofoon) speel die melodie
- Matige tot opgewekte tempo
- Skiffle-agtige maatslag
- Jive-/Swing-ritmes

*Enige korrekte feite = 3 punte* (3)

11.2
- Elektriese kitaar
- Baskitaar
- Tromme
- Klawerbord/Orrel

*Enige 3 korrekte antwoorde = 3 punte* (3)

11.3
11.3.1 *Meadowlands*
11.3.2 *Pata Pata* of *Lakutshon'ilanga*
11.3.2 *Sakhile* of *Isililo*
11.3.4 *Khoedi (The Moon)*

*Enige 4 korrekte antwoorde = 4 punte*
*Nota aan die nasiener:*
*Enige ander korrekte antwoord kan ook aanvaar word.* (4)

**[10]**

### VRAAG 12

| | |
|---|---|
| 12.1 | WAAR |
| 12.2 | WAAR |
| 12.3 | ONWAAR |
| 12.4 | ONWAAR |
| 12.5 | WAAR |

*5 korrekte antwoorde = 5 punte* **[5]**

## VRAAG 13

**Internasionaal:**

- Kombineer en smelt verskeie style saam
  - Jazz
  - Blues
  - R&B
  - Kontemporêre folk
  - Gospel
  - Engelse ballades
  - Portugese fados
  - Joodse volksmelodieë
  - Kommersiële populêre musiek
  - Opnames van Amerikaanse jazz-kunstenaars, bv. Ella Fitzgerald

**Plaaslik:**

- Tradisionele Xhosa- en Zulu-liedere
- Plofbare, klikklanke van haar moedertaal: isiXhosa
- Gebruik 'n a capella genesende chants van die Amasangoma

**Vokale kwaliteit:**

- Ryk, lae vrouestem wat dikwels met die kwaliteit van Ella Fitzgerald vergelyk word

*Enige 2 korrekte internasionale, 2 plaaslike en 1 kwaliteit-feit = 5 punte* **[5]**

## VRAAG 14

- Suid-Afrika se eerste belangrike bebop-orkes in die 1950's
- Orkes bestaan uit Suid-Afrikaanse jazz-ikone (Dollar Brand (later Abdullah Ibrahim) op klavier, Kippie Moeketsi op altsaxofoon, Jonas Gwangwa op tromboon, Hugh Masekele op trompet, Johnny Gertze op bas, Early Mabusu of Makaya Ntshoko op tromme)
- Begin 'n spesifieke Suid-Afrikaanse klank wat deur individuele kunstenaars in die volgende dekades ontwikkel het
- 1959: Eerste album deur 'n swart Suid-Afrikaanse orkes, *Jazz Epistle, Verse 1*
- 1959: Die musikante was betrokke by die populêre Suid-Afrikaanse musiekblyspel, *King Kong* wat oorsee getoer het.
- Baie van hierdie musikante het ballingskap verkies en hulle styl verder ontwikkel deur kontak met Europese musikante. Hulle ploeg hul nuutgevonde kennis terug in die Suid-Afrikaanse konteks wanneer hulle na die land terugkeer

*Enige 5 korrekte feite = 5 punte* **[5]**

**VRAAG 15**

**Oorsprong**

- Begin: 1920 in Johannesburg (Sophiatown)
- Tiekiedraai (Kaapse volksdans)
- Xhosa-volksliedere
- Vroeë Amerikaanse jazz
- Ragtime
- Blues-musiek (12-maat-blues)
- Musiek by partytjies van stedelike werkersklasmusikante uit Afrika
- Gebruik vir sosiale geleenthede, bv. stokvelpartytjies
- Musiek gebruik by sjebeens vir vermaak

| *Enige 5 feite = 5 punte* |
|---|

**Stylkenmerke**

- Hoofsaaklik 'n klawerbordstyl
- Ander kenmerkende instrumente sluit die eenvoudige pedaalorrel, kitaar, banjo, trom (self vervaardig), perkussie, bv. ratels/skutters, in
- Klein instrumentale ensemble
- Sikliese akkoordprogressie: I – IV —$1^6_4$ —V
- Herverwerk tradisionele melodieë in 'n drie-akkoordpatroon
- Matige tot opmaat tempo en ritme
- Herhalende, enkeltema-danswysies

| *Enige 5 feite = 5 punte* |
|---|

**Enige kunstenaar en lied**

- Jazz Maniacs: *Gully Low Blues*
- The Manhattan Brothers: *Jikela Emaweni*
- The Flying Jazz Queens: *Langa More*

| *Enige 1 kunstenaar en lied = 2 punte* |
|---|

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Oorsprong** | *1 punt vir elke korrekte feit* | | 5 |
| **Stylkenmerke** | *1 punt vir elke korrekte feit* | | 5 |
| **Kunstenaar en lied** | *1 punt vir elke korrekte feit* | | 2 |
| **Logiese aanbieding en struktuur van die opstel** | ***Uitstekend*** *'n Inleiding, slot en stewige argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed*** *'n Inleiding, slot en redelike argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 2 punte* | |
| | ***Gemiddeld*** *'n Inleiding, slot en vae argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld*** *'n Inleiding, slot en swak argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak*** *n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar nie*** *Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | 15 |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**OF**

## AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

## VRAAG 16

16.1 16.1.1 Onwaar - met Paul Simon (1)
16.1.2 Onwaar - Malombo/Philip Tabane/Malombo Jazzmen (1)
16.1.3 Onwaar - Mbaqanga (1)
16.1.4 Onwaar - Marabi (1)

16.2
- 'n Musiekstyl wat Bapedi- en Vhavenda-musiek met jazz (fuse) vermeng
- Afrika-ritmes verskaf deur die malombo- en bongotromme
- Wisselwerking tussen tromme, kitaar en fluit

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte* (2)

16.3 16.3.1 Ikati: plektrum gebruik vir kitaarspel
- Ikati bring 'n perkussiewe klank voort tipes van die styl
- Ukuvamba verwys na perkussiewe tokkel van akkoorde met plektrum

16.3.2 Ukupika: pluk van kitaarsnare met vingers
- Amadoda (duim) speel die onderste snare
- Amantombazane (res van die vingers) speel die melodie met die boonste snare

*2 korrekte feite = 4 punte* (4)
**[10]**

## VRAAG 17

- 'n Moderne weergawe/konsep van die Bapedi-musiek/danskiba
- Gebruik moderne instrumente in plaas van tradisionele Bapedi-instrumente
- Gebruik enige Afrikataal benewens Sepedi
- Word nie spesifiek met enige kulturele groep geassosieer nie
- Uitgevoer op 'n standaard kontemporêre trommaatslagstyl (bv. disco, jazz)
- Vermeng trom-meloritmes met meervoudige vokale response, krepitasies en 'vocal lilting'
- Die volgende tradisionele tromme word gebruik: Ditinti; Moropa wa diatla/Moropa; Kiba

*Enige 5 korrekte feite = 5 punte* **[5]**

Copyright reserved

**VRAAG 18**

**AmaZulu: Amahubo**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Kanaliseer kommunikasie tussen die voorouers en gemeenskap
- Gebruik om die voorouers tevrede te stel
- Dien om die stam se identiteit te versterk
- Word slegs deur die ouer persone van die stam uitgevoer
- Slegs vroue wat reeds hul menopouse gehad het word by die uitvoering toegelaat
- By belangrike rituele, bv. voorbereiding vir 'n oorlog, uitgevoer

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Amahubo is stamvolksliedere (gewyde liedere)
- Oorvleueling van vraag en antwoord is kenmerkend van die musiek
- Leierparty is gewoonlik 'n solostem en die antwoord word deur die koor gedoen
- Luisteraars neem deel aan die amahubo met emosionele reaksies wat deur die uitvoerder opgeroep word
- Elke stam het 'n eie Ihubo
- Gebruik liggaamsperkussie

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte* **[5]**

**OF**

**AmaSwati: Inkwahla**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Viering van eerste vrugte
- Die Inkwahla-liedere word gereserveer vir slegs die Inkwahla-seremonie en die dood van 'n koning
- Dit is 'n gewyde viering wat die koning se rol in die Swazi-nasie versterk
- Kernfunksie is om die koning en sy nasie geestelik te reinig voor hulle die nuut geoeste gesaaides eet
- In die openingseremonie word die Inkwahla-liedere deur die gemeenskap gedreunsing terwyl hulle in 'n sekelmaanformasie staan
- Lirieke van die liedere is gewoonlik hartseer en gevoelvol
- In die tweede fase kom jong ongetroude mans by die koning se huis byeen om 'n omheinde area met die takke van 'n heilige boom, Lusekwane, te vorm
- Tydens die afsluitingseremonie kom die gemeenskap in volmaanformasie byeen en dreunsing die Inkwahla met groot erns

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Op die eerste dag gaan die priesters in die see in terwyl hulle Inkwahla-liedere sing/-danse opvoer soos wat hulle kalbasse met water vul wat gebruik sal word om die koning te reinig
- Op pad terug word die koning geprys (Izibongo)
- Op die tweede dag sing die jongmans 'n slaapliedjie terwyl hulle die Luskwane-takke afsny om vir die koning se wedergeboorte voor te berei
- Tydens die seremonie hou krygsmanne hulle skilde vas en vroue hou lang dun stawe vas op die maat van die ritme van die Inkwahla-lied
- Jong ongetroude mans slaan hulle skilde teen hul sye in 'n egalige maatslag soortgelyk aan 'n moeder wat haar baba sus
- Die Umgubo, wat as die nasionale volkslied beskou word, word uitgevoer/gesing om die koning te prys en die dag se aktiwiteite af te sluit
- Gebruik van stem en liggaamsperkussie, sluit ook skilde en stokke in

*Enige 3 korrekte punte = 3 punte*
*2 + 3 = 5 marks*

**[5]**

**OF**

**Amakhosi: Intonjane**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Afsonderingsperiode tydens vroue-inisiasie
- Een hooflied/-dans word uitgevoer - Umngqungqo
- Die Umngqungqo word deur getroude vroue opgevoer
- Die lied/dans word buite opgevoer
- Die vroue hou stokke in hulle regterhande vas terwyl hulle dans om die mans na te boots
- Umngqungqo-musiek/-dans duur vir twee dae
  - Die manne dans daarna die Umdudo-dans wat tot ses dae duur

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Twee hoofdansbewegings, albei gekenmerk deur loop, swaai en balansering op die bal van die voet en dan die stamp van hakke, word in 'n sirkel uitgevoer
  - In die eerste beweging word kloksgewys beweeg en dan van rigting verander
  - In die tweede beweging kyk hulle na binne
- Dansers beweeg met grasie en skud hulle skouers
- Vokale partye word grootliks geïmproviseer
- Daar is geen instrumente nie, slegs die klap van hande
- Die Umdudo-dans begin met die sing van *Umyeyezelo* en die slaan van die Ingqongqo-trom

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte*

**[5]**

**OF**

**AmaNdebele: Luma**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Viering van eerste vrugte
- Die gemeenskap kom in Februarie by die koningshuis byeen om die Ndeble-erfenis te vier en die Nuwejaar te verwelkom
- Daar word geglo dat die uitvoering mense in staat stel om te toor
- Die uitvoer van die lied word streng verbied tydens enige ander tyd behalwe die Luma-viering
- Daar word geglo dat die Luma 'n gevoel van algemene welstand na die nasie bring

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Liedere/Danse word gebruik om die koning te loof en prys
- 'n Spesiale koninklike loflied word uitgevoer (Luma-lied)
- Daar word geglo dat die lied reën bring
- Die Luma-lied/-dans word gebruik om vir die vrugbaarheid van gesaaides te bid
- Gebruik van stem, dans en liggaamsperkussie

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte* **[5]**

**OF**

**Basotho: Lebollo**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Afsondering gedurende manlike inisiasie
- Mans leer kulturele waardes deur Likoma (liedere)
- Die Likoma word deur mentors uitgevoer – gewoonlik ouer mans wat geïnisieer is
- In sommige stamme het elke ingelyfde sy eie mentor wat hom die Likoma leer
- Die Likoma is geheimsinnig (privaat uitgevoer waar slegs die mans wat ingelyf word, teenwoordig is)
- Likoma word stadig gedreunsing in 'n lae stemtoon saam met dans
- Die leier van die ingelyfdes komponeer die liedere
- Die volwasse se identiteit word deur die Likoma versterk

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Die ingelyfdes sing Mokorotto-liedere terwyl hulle deur die pyn van besnydenis gaan om hulle manlikheid te versterk
  - Hulle uitroepe word deur hierdie liedere verswelg
- Wanneer die inisiasie voltooi is, sing die seuns Mangae-liedere in die openbaar om te wys hoe trots hulle is op hulle nuwe status as mans
- Die Mangaye-liedere word gekomponeer deur die nuut ingelyfde mans en gee hulle die geleentheid om hulle gedagtes en gevoelens uit te druk
- By die plegtigheid dra elke ingelyfde Dithoko (vereringspoësie) voor
  - Dit simboliseer die seuns se betreding van die volwasse wêreld
- Gebruik van stem en beweging

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte*

**[5]**

**OF**

**Bapedi: Byale**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Afsonderingsperiode gedurende vroulike inisiasie
- Die meisie gaan voor inisiasie vir 'n week in afsondering om puberteitsrituele te ondergaan
- Aan die einde van die afsonderingsperiode ondergaan die meisie 'n tydperk van voorbereiding waar sy inisiasieliedere leer
- Musiekinstrumente word gebruik om geeste te beliggaam en om diere en geeste te simuleer
- Die Byale vorm elke oggend 'n S-vormige lyn en voer 'n lied/dans met stadige bewegings uit
- Mimiek word gebruik om gedrag wat van die Byale-vroue verwag word, te leer sowel as pligte wat hulle as volwassenes sal moet uitvoer
- Die Byale skep liedere gebaseer op klein dieremodelle wat hulle maak om verskillende menslike eienskappe te verteenwoordig

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Vroue vergader elke aand gedurende die afsonderingsweek in die inlywingshut vir dans, sang en tromspel om die meisie vir inisiasie voor te berei
- Danse word gekenmerk deur bewegings wat die ontwikkeling van die kind in die baarmoeder voorstel
- Liedere word gekenmerk deur sang saam met ritmes wat geskep word deur hulle lippe met hulle vingers te pluk
- Die onheilspellende klank van 'n trom (Moshupiane) kenmerk die Byale se tog na 'n afgesonderde plek in die berge waar die inwyding sal plaasvind
- Die trom word deur 'n ouer vrou gespeel, maar die Byale word nie toegelaat om haar te sien of die oorsprong van die klank te weet nie
- Die klank van die trom stem ooreen met die brul van 'n leeu
  - Dit simboliseer ook die geeste van die berg wat sal waghou oor die Byale (ingelyfdes) gedurende hierdie periode
- 'n Trom (Moropa) word heelnag gedurende die inisiasieperiode deur ouer vroue geslaan om seker te maak dat vreemdelinge nie naby die inisiasieskool kom nie

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte*

**[5]**

**OF**

**Batswana: Bojale**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Afsonderingsperiode gedurende die vroue-inisiasie
- Deurgangsrites van die Batswana-mense
- Stel die ingelyfdes bekend aan basiese waardes van hulle gemeenskap
- Die Bojale word gedoen wanneer meisies puberteit bereik
- Meisies word geleer wat vroulike pligte behels
- Die meeste inlywingsmusiek het 'n opvoedkundige funksie

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Bonwale (vroulike ingelyfdes) neem regdeur die inlywingsperiode aan musiek-aktiwiteite deel
- Hulle moet die geheime formule memoriseer (Rupa) wat hulle dreunsing
- Die hoofuitvoering van die inlywing is die Radikgaratlane-dans
- Op die laaste aand van inlywing doen die Bonwale die Thojane-dans
- Wanneer die meisies huis toe gaan, groet hulle hulle families met liedere (Mekgolokwane)
- 'n Algemene saak by die meeste vroulike inlywingsliedere is om jong meisies te ontmoedig om voor die huwelik swanger te raak
- Die Mekgolokwane-liedere is tuiskomsliedere, maar die dans kan verwys na die laaste dae van swangerskap wanneer vroue nie behoorlik kan loop nie

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte* **[5]**

**OF**

**Vhavenda: Domba**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Afsonderingsperiode gedurende vroulike inlywing
- Word heeljaar gehou om die drie fases van inlywing te akkommodeer: Vhusha, Tshikanda and Domba
- In die eerste twee fases van Domba word hoofsaaklik by die hoofman se hutte gesing en gedans
- Die volume van die musiek gee die hoofman se aansien en rykdom weer
- Gedurende Domba word alle instrumentale musiek verbied om die gewydheid van die ritueel te beklemtoon

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte*

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- In die eerste fase bestee die ingelyfdes die meeste tyd om die Ndayo-danse te repeteer
  - Hulle leer deur die ouer meisies na te boots
- Daar is spesiale liedere om rituele, soos die verwydering van elke meisie uit haar tuiste, te gedenk
- In die finale fase van die Domba word die Tshikanda vir 'n volle maand aangeleer
- Die uitsonderlikste kenmerk van die Domba is die luislangdans (Domba)
- Die luislang simboliseer vrugbaarheid
- Die ingelyfdes leer ook die mite van Thovhela en Tshishongwe wat hulle uitvoer met musiek, dans en drama
  - Dit leer hulle morele etiek
- Die Ngoma-trom word slegs vir gewyde rituele gedurende inlywing gereserveer

*Enige 3 korrekte feite = 3 punte*
*2 + 3 = 5 punte* **[5]**

**OF**

**Batsonga: Mancomane**
**Seremoniële kenmerke/funksies:**

- Ritueel vir uitdryf van bose geeste
- Uitdryf van bose geeste vind elke aand in die somer plaas
- Die ritueel se naam is ontleen aan die Ncomane-trom wat 'n onderskeidende eienskap vir die uitdryf van bose geeste is
- Pasiënte is individue wat deur ongewenste Zoeloe- of Ndau-geeste besete is
- Die Dzwavi (geestelike) besit 'n stel van vier tromme
- Die tromme is 'n simbool van die Dzwavi se outoriteit
- Dit bring 'n skerp, kragtige klank voort en help om die pasiënt in 'n hipnotiese toestand te kry

| *Enige 2 korrekte feite = 2 punte* |
|---|

**Rol van dans, musiek en instrumente:**

- Drie tromritmes word gebruik om verskillende bose geeste uit te dryf: Mandlozi vir Zoeloe-gees en Xidzimba en Xindau vir Ndau-geeste
- Die tromme word naby die pasiënt se oor geslaan met 'n stok (Rikhokho)
- Dit is om 'n steurende klank vir die geeste te skep
- Dit word gewoonlik gespeel met die Ngoma-bastrom aangepas vir die Vhavenda
- Handskutters (Njele) word ook geskud en die dansers dra beenratels (Marhonge)
    - Daar word geglo dat dit van die Batsonga-voorvadergeeste afkomstig is
- Die liedere word gesing in die taal van die gees wat uitgedryf moet word
- Liedere bestaan uit herhaling van kort vokale verse met melodieë wat 'n blywende eienskap het
- Sang dra by tot die hipnotiese staat van ekstase van die pasiënt
    - Die gehoor kan ook in ekstase gaan as gevolg van die sang

| *Enige 3 korrekte feite = 3 punte*<br>*2 + 3 = 5 punte* |
|---|

**[5]**

**VRAAG 19**

- Gebruik om erkenning te gee aan voorvaders
- Gebruik om stories van die stam te vertel
- Word dikwels in 'n lied verweef
- Gewoonlik teen 'n vinnige tempo
- Gewoonlik dramaties met energieke toepassing
- Dikwels voorgedra deur volwasse mans
- Gebruik gedurende verskillende feesvieringe
- Hoofmans/Konings het hulle eie lofdigter

*Enige 5 korrekte feite = 5 punte* **[5]**

**VRAAG 20**

**Oorsprong:**
- Imbube-koraalsang is die basis van hierdie styl
- Vermeng Afrika tradisionele sang en Westerse kerkgesange
- Is ontleen aan die Zulu-woord 'cothoza' – om liggies op jou tone te loop
- Styl gevestig deur trekarbeiders
  - om hulself te vermaak
  - om 'n gemeenskapsgevoel in hul leefareas te skep
- Informele praktyke van die trekarbeiders ontwikkel in uitvoerings
- Musiekuitvoerings by
  - musiekkompetisies
  - troues en ander geleenthede

*Enige 3 feite = 3 punte*

**Stylkenmerke:**
- Manlike kore
- Gewoonlik a cappella
- Lirieke van liedere is in isiZulu
- Meervlakkige vokale tekstuur
- Liedere is dikwels in roep en antwoord met die leier (Tenoor 1) wat roep
- TTBB word gebruik met een stem (leier) wat 'n addisionele tenoorparty sing
- Eenvoudige akkoordprogressies in geslote digte harmonie
- Isicathamiya word in die kontemporêre konteks vermeng met populêre musiek
- Sluit 'n vloeiende en sagte dansstyl in met subtiele bewegings

*Enige 5 feite = 5 punte*

**Bydrae van Ladysmith Black Mambazo:**

- Toegang tot 'n groter gehoor deur:
  - Samewerking met bekende kunstenaars (Paul Simon en sy *Graceland*-album)
  - Opnames met die SAUK en Gallo
  - Wen baie toekennings (bv. Grammy Awards)
  - Tree op saam met Michael Jackson
  - Maak Isicathamiya internasionaal gewild/bekend
  - Gebruik Engels in die lirieke
- Joseph Shabalala beklemtoon die akkuraatheid van ritme en toonhoogte met sagter ryk harmonieë in kontras met die harder style van die 1950's
- Pas choreografie aan om die sagte' trap op tone' weer te gee deur 'n uitvoering eerder as die harde voetstamp op die grond
- Stig die Ladysmith Black Mambazo-stigting met die doel om kinders te leer oor die geskiedenis van Isicathamiya-musiek
- Ladysmith Black Mambazo ploeg terug in die gemeenskap deur verskeie werkswinkels oor Isicathamiya aan te bied:
  - Die resultaat is meer afgewerkte toon in die opkomende groepe
  - Die algemene gehalte van uitvoerings/optredes het verbeter
- Het die kunsvorm tot nuwe vlak verhef

*Enige 4 feite = 4 punte*

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Oorsprong</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit</td><td>3</td></tr>
<tr><td>Stylkenmerke</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit</td><td>5</td></tr>
<tr><td>Bydrae van Ladysmith Black Mambazo</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit</td><td>4</td></tr>
<tr><td rowspan="6">Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel</td><td>Uitstekend<br>'n Inleiding, slot en stewige argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig</td><td>= 3 punte</td><td rowspan="6">3</td></tr>
<tr><td>Goed<br>'n Inleiding, slot en redelike argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig</td><td>= 2 punte</td></tr>
<tr><td>Gemiddeld<br>'n Inleiding, slot en vae argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig</td><td>= 1½ punte</td></tr>
<tr><td>Ondergemiddeld<br>'n Inleiding, slot en swak argument in die middelste deel van die opstel teenwoordig</td><td>= 1 punt</td></tr>
<tr><td>Swak<br>'n Enkele paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel</td><td>= ½ punt</td></tr>
<tr><td>Nie aanvaarbaar nie<br>Feite puntsgewys aangebied</td><td>= 0 punte</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2"></td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou